Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*„Die geskiedenis van die Ossewabrandwag is die geskiedenis van die republikeinse strewe in die oorlogsjare."*




*„Die Ossewabrandwag is die eerste nasionale beweging wat nooit die steun van die Geldmag gehad het nie."*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 27 OKTOBER 1943. No. 49.

# Indrukwekkende Bevestiging van Jeugleier

## Genl. Dirk van Rooy met Groot Luister in Pretoria Ontvang

**Op plegtige en indrukwekkende wyse, ten aanhore van honderde geesdriftige lede van die Boerejeug, is die Jeugleier, generaal Dirk van Rooy, op Saterdagmôre, 9 Oktober, te Pretoria, deur die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, in sy amp bevestig.**

**Die K.G. het die volgende instellingsbelofte voorgelees:**

*In aanwesigheid van my kamerade gee ek, DIRK VAN ROOY, my erewoord dat ek:*

1. *getrou sal bly aan die ideaal van hulle wat goed en bloed op die pad van Suid-Afrika vir vryheid en vir reg opgeoffer het;*
2. *die Christelik-nasionale sedes en tradisies van my volk getrou sal handhaaf;*
3. *my volk en my land steeds na die beste van my vermoë sal dien alleen, sowel as in samewerking met my mede-Afrikaner;*
4. *my mede-Afrikaner sal help en beskerm, hom nooit in die stryd verlaat of aan die vreemdeling en vyand sal uitlewer nie;*
5. *myself sal onderwerp aan alle gesag wat die Ossewabrandwag oor my stel en alle wettige bevele wat my gegee word getrou sal uitvoer. My wagwoord is: Plig, diens ter ere van my God, my volk en vaderland.*

*Mag God my hierin getrou maak en krag gee.*

**Hierop het genl. Van Rooy flink gesalueer en geantwoord: „Ek gee my erewoord".**

Reeds van 7-uur die oggend af het afdelings van die O.B.-Boerejeug en verteenwoordigers van afdelings die feesterrein op Klipkoppies, Pretoria, binnegestroom. Die dogters het daar net uitgesien in hul Duitse sisrokkies met wit kappies en voorskootjies, en die seuns het 'n sjarmante indruk gemaak in hulle donkerblou broeke en wit hemde.

**LUISTERRYKE PARADE**

Hoofkommandant M. M. Smith, hoofoffisier van die Boerejeug in die gebied Noord-Transvaal, wat bevel oor die sametrekking gevoer het, het 'n baie luisterryke parade opgestel vir die ontvangs van die leiers. Voor die verhoog het die Boerejeugorkes van die Verre Oos-Rand plaasgeneem. Aan hul linkersy het die vaandeldraers van die verskillende jeugafdelings in 'n digte peleton posisie ingeneem, terwyl aan die regtersy van die orkes die Boerejeugoffisiere opgestel was. Voor die orkes het die vlagpaal opgestyg, waaraan die O.B.-vlag aanstonds vrolik sou wapper. Voor die vlagpaal het die linies waarin die verskillende afdelings van die Boerejeug opgestel is, uitgestrek. Die daadopwekkende marsmusiek het veel daartoe bygedra om die luister van die verrigtings te verhoog.

**VLAGHYSING**

Om tienuur het 'n puik-afdeling aan die Boerejeug op die maat van lewenlige marsmusiek na die noordelike ingang van die terrein gemarsjeer, alwaar hulle die Kommandant-generaal en die Jeugleier ontmoet en geleide gedoen het na die verhoog.

Op hierdie stadium het die orkes en die vlagwagte aan die mars gegaan en met volle seremoniële eerbewys die vlag van ons toekomstige Republiek aan die paal gebind en oopgetrek waarna dit seëvierend in die wind gewapper het.

'n Integrale deel van die vlaghysingseremonie was die erediens wat deur die Veldprediker waargeneem is.

**INSTELLING**

Terwyl die windjie die Republikeinse vlag telkens deinend oopgerol het, het die K.G. die Jeugleier tot sy taak opgeroep. **Dit was 'n plegtige oomblik toe die Leier aan hierdie Afrikaner die plig opgelê het om Jong Suid-Afrika te vorm en te dissiplineer vir die waardige aanvaarding van die plig en die voorreg tot burgerskap van die toekomstige Afrikaner-Republiek.** Nadat die Jeugleier in sy amp bevestig was, het hy daartoe oorgegaan om die hoofoffisiere van die Boerejeug, nl. Hoofkommandante en Kommandante, in te stel. Hierdie offisiere het hul taak met 'n flinke saluut aanvaar.

**SALUUTPARADE**

Net na elfuur het die Jeugleier die saluut geneem. Genl. Van Rooy, saam met sy senior offisiere het op die verhoog plaasgeneem. Die Kommandant-generaal het hom by hierdie groep jeug-offisiere gevoeg. Met die orkes vooraan het die jeugafdelings in ordelike gelid by die verhoog verbymarsjeer. So gou soos die vaandeldraer van 'n afdeling regoor die Jeugleier gekom het, het die offisier in bevel van die afdeling gesalueer en het sy hele afdeling saam met hom die oë regs gewend vir die verbymars by die Leier. So het die afdelings een na die ander verby die Jeugleier gemarsjeer.

**Die gedissiplineerde parade in harmonie met die lewendige marsmusiek het van hierdie saluutparade werklik 'n indrukwekkende skouspel gemaak.**

**TROU**

Hierdie inspirerende en plegtige sametrekking is paslik afgesluit toe die Boerejeug van Gebied Noord-Transvaal 'n vergulde adres aan die Jeugleier voorgedra het. Hierin het die Jeug pligsgetroue taakvervulling beloof en lojale steun aan die Jeugleier by die uitvoering van al die pligte wat hom van tyd tot tyd deur die K.G. opgelê mag word.

Nadat die K.G. en die Jeugleier onder 'n diepe stilte die verhoog verlaat het, is die jeug-afdelings verdaag en het 'n plegtigheid ten einde geloop wat nie alleen nog lank sal voortleef in die herinnering van daardie lede van die Boerejeug wat dit meegemaak het nie, maar wat ook bekend sal staan as die formele wegspringplek van 'n afdeling van die O.B. wat vir die Boerevolk nog baie plesier en veel heil in die toekoms sal baar.—(Tvlse Korr.)

(Vervolg op bls. 5, kol. 3)

## „Die Eerste Opstuiwende Golf van Die Ossewabrandwag"

### Kommandant-Generaal voor die Boerejeug

**„Die verhaal van die Ossewabrandwag is die verhaal van die republikeinse strewe in hierdie oorlogsjare," het die Kommandant-generaal gesê by geleentheid van die instelling van die Jeugleier toe hy die benydenswaardighede waarin die Boereseuns en -dogters van vandag leef en die belowende toekoms wat hulle wag, in 'n gloeiende rede aan die aanwesiges oopgevou het.**

**„Julle is die eerste ware opstuiwende golf van die Ossewabrandwag — die draer van die Nuwe Afrikanerdom." So het die K.G. die plek van die jeug aangedui.**

**„Dit bly nie altyd winter nie, en daar is nie altyd noodregulasies nie," het die Leier gesê om die onafwendbaarheid van die O.B. se sege-oorwinning aan die jeug te beklemtoon.**

As ek julle, Boereseuns en -dogters, welkom heet dan wil ek julle ook dank vir die moeite en die ongerief wat julle moes deurmaak om hierheen te kom. Ons weet almal wat die verkeersmoeilikhede vandag is. En ons weet ook dat van staatsweë en van ander kante gedurig stene in jul pad gerol word. Teenstand is volop. **Maar onthou net dit, seuns en dogters, as julle nou jul plig kan doen, met alles teen julle, hoe wonderlik sal jul optogte en byeenkomste nie later wees nie wanneer alles, ook die staat se kragte, tot jul beskikking sal staan!** Wanneer spesiale treine jul kommando's na 'n sentrale punt sal vervoer. En julle jul eie orkeste en uniforms sal hê, met kommando-vaandels en alles wat jul hart begeer. Voorwaar, dan sal jul die vrugte pluk van die stryd wat julle nou stry. En daardie dag sal kom — daaraan hoef julle niet te twyfel nie. **Dit bly nie altyd winter nie, en daar is nie altyd noodregulasies nie.**

Eintlik behoort dit onnodig te wees om te praat van die O.B.-Jeug, want die Ossewabrandwag is die Jeug. Maar daar is miskien van die oueres onder ons wat, dalk onbewus, tog nog met een voet in die ondergaande demokratiese wêreld staan. Daarom is die verjonging wat van die frisse, demokraties-onbesoedelde jeug uitgaan altyd goed en nodig vir die onbuigbare handhawing van die jeug-rigting van die O.B.

**Maar net so sekerlik as ons kan sê dat die Ossewabrandwag die draer van die Nuwe Afrikanerdom is, net so sekerlik kan ons sê dat julle — die O.B. Boerejeug — die eerste ware golf van die O.B. is. En hoe jonger julle is hoe gewisser en gesonder gaan jul inbors wees.**

Julle, Afrikanerseuns en -dogters het die voorreg om saam te bou aan die Afrikanerdom se geskiedenis. Julle leef in wêreldhistoriese jare, en in hierdie Beweging dra julle jul skerfie by tot die geskiedenis, **want die verhaal van die Ossewabrandwag is die verhaal van die republikeinse strewe in hierdie oorlogsjare.** Die Republikeinse strewe is nie vernietig op Vereeniging nie, en

(Vervolg van bls. 2, kol. 4)

**£100,000** in aandele is sedert Maart laaslede deur lede van die publiek onderskryf in Excelsior Meubels Beperk. Die jongste finansiële state weerspieël groot winste oor die afgelope boekjaar en 'n diwidend van 8% word weer verklaar op inbetaalde kapitaal.

U soek na 'n suksesvolle saak om u geld in te belê en hier is u kans! Besoek ons organisasiekantore waar u kan verneem van die groot omset en uitbreidingsmoontlikhede van ons sewe takwinkels en twee fabrieke of vra om inligting op die vorm hieronder.*

Organisasiekantore:— **Johannesburg:** Spoorbondkasgebou, de Villiersstraat. **Kaapstad:** Kamer 614, Groote Kerkgebou. **Bloemfontein:** St. Andrewstraat 123. **Port Elizabeth:** Kamer 617, Colonial Mutualgebou.

**EXCELSIOR MEUBELS BPK.**

* Die Sekretaris, Excelsior Meubels Bpk., Posbus 6670, JOHANNESBURG.

Stuur asseblief besonderhede van u aandele aan:—

M. ............................................................

............................................................

(O.B., 27 Okt. 43). ............................................................

*Ons sukses is u voorspoed*

MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

Schoemanello Drank . . .

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi en Wit | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Soet Muskadel en Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worc. Hock en Pontak | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/- | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 6/3 | 34/- |
| Brandewyn, F.C. | 6/6 | 6/- | 33/- |
| **LIKEUR-BRANDEWYN:** | | | |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Peperment en van der Hum .. .. | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| **JENEVER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | 6/6 | — |

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. Terme:— K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

JURGENS SCHOEMAN,

POSBUS 142, — OUDTSHOORN.


# „Dissipline van die Boerehuis sal Kenmerk Wees van Boerejeug"

## Genl. Van Rooy Aanvaar die Leierskap

**„Gebore onder die Engelse vlag, wens ons — die Boerejeug — nie daaronder te sterwe nie". Met hierdie gevleuelde woorde van die laaste en grootste President van die Transvaalse Republiek het die Jeugleier, genl. Dirk van Rooy, Saterdag, 9 Oktober, by geleentheid van sy plegtige instelling, die onblusbare vryheidsideaal van Jong Suid-Afrika onomwonde vertolk.**

**„Een van die vernaamste redes wat my daartoe beweeg het om die leierskap van die Boerejeug te aanvaar is die feit dat ek u leer ken en waardeer het as 'n leier wat my volkome vertroue en heelhartige steun verdien." Met hierdie woorde het genl. Van Rooy, professor aan die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys, die Kommandant-generaal aangespreek. Woordeliks het die Jeugleier soos volg gepraat:**

Die verrigtinge van hierdie oggend sal vir my altyd enig en onvergeetlik bly en wel om verskillende redes. In die eerste instansie vanweë die plek en geleentheid. Ek bevind my in die stad van Paul Kruger ter geleentheid van die herdenking van sy geboortedag. As vanself dus ondergaan ek saam met u die magtige invloed wat van hierdie grootste figuur uit ons volksgeskiedenis, hierdie vader van die vaderland, uitgaan. Saam met u beluister ek die woorde van godsvrug en wysheid, van volks- en vaderlandsliefde wat oor dood en graf heen ons nog van hom bereik. Want Paul Kruger leef voort in die harte van sy volk. Hierdie assosiasies van plek en geleentheid laat my klein voel, maar inspireer terselfdertyd tot inspanning van alle kragte in diens van die jeug van die volk van Paul Kruger. Van eie swakheid bewus wil ek daarby my steun soek waar hy dit gesoek en gevind het, nl. by God Drie-enig. Mag Hy my steeds die krag verleen om die plegtige belofte wat ek so pas afgelê het gestand te doen.

### VERTROUE IN DIE K.G.

Om dan in die tweede plek te kom tot die verrigtinge in verband met my instelling as leier van die Boerejeug, is dit vir my 'n besondere eer en voorreg, Hooggeagte Kommandant-generaal, dat u hierby persoonlik die leiding wou neem. U weet met hoeveel huiwering ek die benoeming aanvaar het. Een van die vernaamste redes wat my daartoe beweeg het om dit wel te doen is die feit dat ek u leer ken en waardeer het as 'n leier wat my volkome vertroue en heelhartige steun verdien. Ek wil u verseker van my volkome lojaliteit en, sprekende namens die Boerejeug van ons dankbare hulde vir al wat u al vir ons Volksbeweging en daardeur vir ons volk tot stand kon bring. Ons innigste begeerte is dat die Here u lank mag spaar om met u verantwoordelike en gewigtige werk voort te gaan. **Waar ons K.G. lei, sal Boereseuns en Boeredogters in vertroue volg op die pad van Suid-Afrika.**

### WEERSYDSE SAMEWERKING

Ek wens my waardering uit te spreek teenoor die Offisiere en Brandwagte van die Groot O.B. wat hierdie verrigtinge met hulle teenwoordigheid vereer. Ek beskou dit as 'n waarborg van die innige samewerking wat tussen O.B. en Boerejeug altyd en oral in ons land gaan bestaan.

Geagte Hoofkommandante en ander Offisiere van die Boerejeug, u is getuie van die belofte deur my afgelê. Daardeur is ons verbind tot samewerking aan die heerlike taak om die jeug van ons volk te lei, hulle in te lei in hulle volkstaak, hulle nasiebewus te maak. Ek skenk u graag my volle vertroue en spreek die hoop uit dat u ook my in u vertroue neem.

### DISSIPLINE VAN DIE BOEREHUIS

Boereseuns en Boeredogters hier teenwoordig, u optrede by hierdie geleentheid is 'n navolgingswaardige voorbeeld vir ons jeugbeweging oor die hele land. Dis 'n openbaring van die moontlikhede wat daar in ons jeug steek. U verdien saam met u Offisiere die gelukwense van almal wat die voorreg het om u voorkoms en optrede as afgerigte en gedissplineerde Boereseuns, Boeredogters en Boerekleingoed te aanskou. **Dissipline gaan 'n kenmerk van heel ons optrede wees, nie die meganiese disspline van 'n afdeling vreemde huurlingtroepe nie, maar die organiese dissipline van die Boerehuis. In die Boerehuis heers eerbied vir gesag.** Saans na ete word gekniel om die huisaltaar en gaan die gesinshoof voor in ootmoedige gebed tot God. So erken en eerbiedig die Boerejeug sy God en wil hy gehoorsaam wees aan Sy Woord. Dan weer, in die Boeregesin word die gesag van Vader en Moeder erken en is hulle woord wet. So ook erken die Boerejeug die gesag van sy Offisiere en is gehoorsaam, onvoorwaardelik. Maar daar is nog die gesag van Ouboet en Ousus — hulle plek word in die Boerejeug deur die Onderoffisiere ingeneem. Ook aan hulle is stipte gehoorsaamheid verskuldig as hulle in amptelike hoedanigheid optree.

### DIE VRYHEIDSWENS

En nou wil ek afsluit met twee gevleuelde woorde uit pres. Kruger se laaste boodskap aan sy volk. Die eerste is die bekende: „Soek in die verlede al die goeie en skone wat daarin te ontdekke val, vorm daarna u ideaal en beproef vir die toekoms daardie ideaal te verwesenlik." Dit gaan ons as Boerejeug in ons ore knoop en op ons harte bind. Die tweede maak ons ons eie omdat dit die hartewens van elke Boer is: **„Gebore onder die Engelse vlag, wens ONS nie daaronder te sterwe nie."** Die vryheidsideaal leef in ons harte en ons vertrou dat God die O.B. gaan gebruik om op Sy goeie tyd die Afrikaanse volk weer vry te maak.

## O.B.-GEES

Die gees waarmee die O.B. sy lede besiel, blyk duidelik uit die volgende voorbeeld. Oom Dirk Coetzee van Zeerust en 84 jaar oud, het van vriende verneem dat die K.G. op 16 Oktober op die Rand sou praat. Vasberade om sy Kommandant-generaal te hoor, het hy na die Rand gekom en die O.B.-funksie in die Mayfair-kerksaal bygewoon.

## FLUKSE BOEREDOGTERS

Lina en Louisa Stevens van Spitskop, P.K. Banjan, is twee staatmakerlede van die Boerejeug. Hul woord is hul eer en hul ywer toon dat in hul are die bloed vloei van die Boerevrou. Op 14 Julie hierdie jaar het hulle onderneem om voortaan al hul geld te spaar vir die Noodhulpfonds. Op 13 Oktober het ons hul bydrae van 10s. erken en op 14 Oktober stuur hulle alweer £4-0-6 wat hulle intussen verdien het met koekbakkery tesame met die name van twee nuwe lede van die Boerejeug. Dit is darem baie fluks!

## Die Opstygende Golf van die O.B.

(Vervolg van bls. 1)

nie versmoor in die ballingskappe van Ceylon of St. Helena of in die noodlottige konsentrasiekampe van destyds nie. En die vlam brand net so helder in die huidige konsentrasiekampe van die Empire. **By die honderde en nogmaals honderde het die Soldate van die Republiek deur kampe en tronke gegaan — terwille van hul ideaal, die Afrikaanse Gesagsrepubliek, nasionaal sowel as sosiaal van aard. By die honderde en nogmaals honderde—en byna sonder uitsondering kom hierdie soldate uit die geledere van die Beweging waaraan julle behoort.**

**Een onomstootlike feit sal in die geskiedenis staan: in hierdie historiese jare moes die Ossewabrandwag die spit afbyt vir die Republikeinse Afrikanerdom. Nie met woorde en kandidate nie, maar met sware offers agter doringdraad en tronkmure.**

Beginnende by Elsabe Nel, jul ereleidster, loop 'n lang reeks name van die Empire se krygsgevangenes, van Ossewabrandwagte en S.J.'s — die swartlys van die Empire, die Erelys van die Republikeinse Afrikanerdom.

Vanmiddag vier ons by die standbeeld van Paul Kruger ons „Heldedag". Maar as dit ons erns is en as ons nie net lippetaal besig nie, durf ons nie net helde uit die verlede huldig, terwyl ons angsvallig hul besieling weghou van die huidige geslag nie. Die „Lied van Jong Suid-Afrika" ...

„Die stryd wat ons vaders begin het
Sal woed tot ons sterf of gewin het"

en dit was nie net 'n woordestryd nie. **Die hoofnadruk in die stryd vandag lê in lyding en selfopoffering teen Empire-skrikaanjaging. En die Afrikaners wat dit aandurf is helde — nie „rampokkers" nie.** En daarom ly Afrikanerhelde ook vandag by die honderde vir die ideaal van Kruger, Steyn en De Wet, naamlik die Republiek.

**En in so 'n Beweging is julle die eerste opkomende golf, die stukrag van môre en oormôre!** Voorwaar, ons wat ouer is en die kans nie gehad het nie kan julle beny! Want die Beloofde Land is julle s'n. 'n Geslag wat onder die Empire en die Demokrasie moes groot word, het baie swakhede geërf wat hinder dat hy tot sy roeping aantree. Dit was nie verniet dat die Israeliete veertig jaar in die woestyn moes swerf voordat hulle hul erfenis kon aanvaar nie. **Dit was om die harde en besielde jeug die voorpunt van die inval te maak, terwyl die geslag, wat slawe van die Egiptenare was, uitgedun raak. 'n Slawegeslag sou nie die beste leiers uitgemaak het nie.**

**En julle is die eerste geslag wat van jongs af in die gees van die Ossewabrandwag opgroei. Julle sal van jongs af leer om skeidingsmure tussen Afrikaner en Afrikaner te sloop waar ons geslag net geleer het om hulle op te rig. Van jongs af sal julle leer dat dit nie saak maak of die volksgenoot Smelter was of Gesuiwerd, of Sap of Nat of Rooilus, of hy spoorwegarbeider of professor is nie — dit maak net saak of hy 'n goeie en pligbewuste Afrikaner is.**

**Julle is die eerste geslag wat van jongs af sal opgroei in hierdie volkse, verenigende opvatting.**

**En in julle en julle soort sal ons volk se siel genesing vind van sy demokratiese getwis en sy innerlike swakhede.**


# BYEENKOMSTE!!

Die Gebiedsleier van Gebied „E", die Rand,

H/GENL. LOUIS BOOTHA

sal met sy reis deur Gebied „A", Kaapland, byeenkomste op die volgende plekke en datums toespreek. Waar die plek van byeenkoms of die tyd nie aangegee word nie, sal dit plaaslik bekend gemaak word.

| | | |
|---|---|---|
| KAKAMAS .. .. .. .. .. .. | 6 Nov. | 4 nm. |
| UPINGTON .. .. .. .. .. .. | 6 Nov. | 8.30 nm. |
| BRITSTOWN .. .. .. .. .. .. | 8 Nov. | |
| DE AAR .. .. .. .. .. .. | 9 Nov. | |
| VICTORIA-WES .. .. .. .. .. | 10 Nov. | |
| BEAUFORT-WES .. .. .. .. .. | 11 Nov. | |
| WORCESTER (Voortrekkersaal) .. .. | 12 Nov. | 8.30 nm. |
| PORTERVILLE .. .. .. .. .. | 13 Nov. | |
| KAAPSTAD (Hofmeyrsaal) .. .. | 15 Nov. | 7.45 nm. |
| OUDTSHOORN .. .. .. .. .. | 17 Nov. | |

DIE O.B. IS 'N MAGTIGE ADVERTENSIEMEDIUM

# Magtige Vertoning van O.B. Laat Skares Juig in Hoofstad

## Gedissiplineerde Optog van Kommando's Vorm Glanspunt op Krugerfees

**Die Kruger-komitee van Pretoria wat weer vanjaar verantwoordelik was vir die reëling van Krugerfees in daardie gedenkwaardige stad, het as deel van die program 'n optog gereël wat die skare moes lei van die Kerkplein af na die Kruger-standbeeld op die Stasie-plein, waar die Grootste Afrikaner gehuldig sou word. Die afdelings van die Boerejeug wat van Klipkoppies af oorgebring is vir die Krugerfees in die stad en die plaaslike O.B.-kommando's het meer as driekwart van die lang optog uitgemaak. Toe die voorste afdeling by die standbeeld aankom, het die laaste eers by die Plein vertrek — 'n afstand van nagenoeg 'n myl.**

Die O.B.-afdelings wat die agterhoede van die optog gevorm het, is gelei deur 'n vlagwag met 'n groot vierkleur wat sierlik aan die vlagpaal gewapper het. Agter die vlag het die Boerejeug-orkes met sy forse marsmusiek gestap. Op hul hakke het die Kommandant-generaal, die Inspekteur-generaal en die Jeugleier gevolg. Agter hierdie leiers het die senior offisiere van die Boerejeug gestap wat op hul beurt weer gevolg is deur die Boeredogters. Agter die Boeredogters het die Boereseuns gestap. Die dameskommando's van die plaaslike O.B. het op die seuns gevolg en heel agter het die plaaslike mans-kommando's gestap.

**Die wapperende vlae, die opgewekte musiek en die gedissiplineerde mars van die O.B. het 'n groot indruk op die publiek gemaak, en hulle het die verbystappende O.B.-afdelings herhaaldelik toegejuig.**

### GENL. VAN DER WESTHUIZEN

Gebiedsleier, genl. H. M. van der Westhuizen het as hoofredenaar by die standbeeld opgetree. Hy het die loopbaan van wyle president Kruger behandel en op interessante wyse aangetoon hoe dat hy deur sy deelname aan 'n menigte veldtogte, van die rang van veldkornet sy weg gebaan het boontoe, totdat hy eindelik die pos van Kommandant-generaal beklee het. Genl. Van der Westhuizen het aangetoon watter betekenisvolle rol pres. Kruger in ons volkswording gespeel het — hy het sy mense na binne saamgesnoer en die eiebestaan na buite verdedig.

Nadat die verrigtings by die Krugerstandbeeld afgehandel is, het die O.B.-afdelings na die stadsaal marsjeer. **Hulle is gevolg deur 'n groot skare opgewonde toeskouers.**

### DAWERENDE HULDE

Voor die stadsaal is die O.B.-kommando's en die afdelings van die Boerejeug netjies in ordelike gelid opgestel. Hier het die Kommandant-generaal hulle toegespreek. Die leier het sy gelukwensing en sy waardering uitgespreek teenoor almal wat bygedra het tot die organisering en die uitvoering van hierdie gedissiplineerde, ordelike en met een woord skitterende optog.

**Teen hierdie tyd was daar reeds 'n groot skare byeen en nadat die K.G. klaar gepraat het, het hulle sulke warm hulde aan hom gebring dat die geboue daarvan weergalm het.**

By die verdaging van die O.B.-kommando's en afdelings is die Afrikaners huis-toe tevrede in die wete dat 'n heldegeslag wat verby is, op waardige wyse herdenk en gehuldig is deur 'n teenswoordige geslag wat op beskeie dog besliste wyse ook sy plig trag te doen.

## HELDEDAG GEVIER OP BARRYDALE

Barrydale het by geleentheid van die viering van Heldedag £15-8-7 ingesamel. Die dag is gesellig deurgebring met vleisbraai en jukskei-speel. As sprekers het opgetree genl. H. M. L. Gildenhuys en hfkomdt. P. J. Uys.

**Die O.B. is onmisbaar vir U, die Adverteerder is onmisbaar vir Die O.B., U is onmisbaar vir die Adverteerder.**

**Noem Die O.B. wanneer U van Adverteerders bestel, of by hulle koop.**

## DIE JEUG BESIEL IN TYD VAN NOOD

,,U volk is my volk, en u God is my God."—Rut 1: 16.

So het Rut haar skoonmoeder Naomi geantwoord, Naomi wat deur die Here swaar beproef is. ,,Noem my nie Naomi nie, noem my Mara, want die Almagtige het my baie bitterheid aangedoen", sê sy by haar terugkeer aan die mense van haar stad. Vol het sy weggetrek, maar leeg het die Here haar laat terugkom. Sy gaan terug na haar land om te gaan sterwe en wil nie toelaat dat die jonge Rut haar daarheen sal vergesel nie. Rut moet liewer elders vir haar 'n beter toekoms gaan soek. Sy is nog jonk, waarom dan die droefenis en armoede van die oue Naomi gaan deel? Rut het egter klaar gekies en haar antwoord bevat die onsterflik skone woorde hierbo: ,,U volk is my volk, en u God is my God. Waar u sterwe, sal ek sterwe en daar begrawe word!"

* * *

Die Voortrekkers, ons voorouers, het onder die voorsienige leiding van God huis en haard verlaat en na 'n bykans bo-menslike worsteling en stryd 'n eie land verkry waarin hulle in die Republieke onder eie vlag in vryheid en onafhanklikheid kon woon. Toe kom die driejarige Goudoorlog en is ons land en ons vryheid ons ontroof. Hoeveel vaders moes nie uit ballingskap na 'n afgebrande huis, 'n vernielde plaas, 'n uitgemoorde gesin terugkeer nie? Hoeveel moeders, uit die moordkampe losgelaat, moes nie kla: ,,Noem my Mara?" Voorwaar, die kinders van daardie tyd, hulle wat die kampe oorleef het, moes 'n treurige erfenis aanvaar. Moedig, egter, het hulle die hand aan die ploeg geslaan, in volle vertroue op God en geloof in die toekoms van hulle volk. Vir die ontmoedigde vader of moeder het die boereseun en boeredogter soos 'n Rut gesê: ,,U volk is my volk, en u God is my God."

Na die wêreldoorlog van 1914-18 het die Afrikaner uit gevangenis en interneringskamp teruggekeer, ontmoedig deur 'n mislukte opstand, om te vind dat die jeug van sy volk uit sy vernedering krag en inspirasie geput het en blymoedig die strydperk vir volk en vaderland ingetree het.

Vandag verkeer ons weer onder 'n wolk. Vir die soveelste keer word ons volk daar weer skerp aan herinner dat hy geen vrye volk meer is nie. Die ouers sug as hulle aan hul kinders dink. By menigeen kom wellig die gedagte op of daar nie elders miskien vir Boer se kind 'n heenkome is nie. Want in sy eie land het menige Afrikaner 'n vreemdeling geword. Wat lê daar vir sy kind in die skoot van die toekoms?

Afrikaanse vader of moeder wat hierdie gedagtes koester, die Boerejeug het hierop hulle antwoord klaar en dis die antwoord van Rut. Beluister dit maar in die leuse wat hulle saam met u huldig: ,,My God, my volk, my land Suid-Afrika!" Hulle aanvaar hul erfenis in geloof, hoop en liefde. Die offers wat vandag gebring word is die saad wat op die akker van die jeugdige hart val en wat op sy tyd ryke vrugte sal voortbring.

**Adverteerders Handhaaf Uself deur in Die O.B. te Adverteer.**

## VOLKSGENOTE IN TRONK KRY SMAAKLIKE ETES

Die aantal jong Afrikaners wat in die afgelope paar weke deur die Spesiale Hof in Johannesburg verhoor is, het weer op tasbare wyse die warme meegevoel van die O.B. ondervind. Terwyl hul verhoor aan die gang was, is hulle elke dag met 'n smaaklike warm middagete in die selle bedien.

Mev. genle. K. Malan, hoofvroue-offisier vir gebied E, bygestaan deur haar adjudante, hoofkomdte. Röscher, het persoonlik die leiding hierin geneem. Solank die verhoor aan die gang was, het hulle elke dag 'n smaaklike ete op kantoor voorberei en dan vir elkeen van die Afrikaners wat op verhoor staan 'n heerlike bord kos na die selle gestuur. Die kêrels was baie dankbaar vir hierdie tasbare blyk van meegevoel.

Ten einde die koste van die onderneming te dek, het genle. Malan op die plan gekom om elke dag 'n bietjie meer as die benodigde hoeveelheid groente en vleis op die stoof te sit en dan vir die personeel van die O.B.-kantore en ander goedgesindes te nooi om hul middagete by haar op kantoor te kom nuttig. Vir 'n sjieling kry hulle dan 'n heerlike bord kos en die opbrengs hiervan dek die koste van die hele onderneming, sodat die voedsel kosteloos aan die manne in die tronk verskaf kon word.

'n Boer maak altyd 'n plan!—(Tvlse. Kor.)

## *VERJAARDAGKETTING*

**28 Okt.:** Esther Prins (Vredenburg), Maria E. Smit (Port Elizabeth), Carolina Kriel (Upington), Hennie Retief (Wellington), George Lubbe (Tiervlei).

**29 Okt.:** Christien Lombaard (Malmesbury), Anna Koen (George), Dawie du Plessis (Noorder-Paarl), Aletta Oelofse (Port Elizabeth), Elizabeth J. Blom (Merweville), Emmerentia Oosthuizen (Observatory).

**30 Okt.:** Beatrix Louw (Tamboerskloof), Jacob J. Bothma (Merweville), Maria J. Visser (Sutherland), Willie Hesketh (Sutherland), Hettie Swanepoel (Duiwekop-Landgoed), C. P. Bouwer (Somerset-Oos), Ena Vivier (Beaufort-Wes), Hester M. S. Venter (P.K. Schuinsdrift).

**31 Okt.:** Johan Gerber (Joubertina).

**1 Nov.:** Maria M. Smit (Port Elizabeth).

**2 Nov.:** J. Wrench Louw (Stellenbosch), Hester A. J. Erasmus (Merweville), Johannes H. Botha (P.K. Commadogga Stasie), Jan Steenkamp (Upington), Ivan Coetzee (Tiervlei).

**3 Nov.:** Zacharius van Aswegen (Upington), Jacobus van Aswegen (Upington), Johan Genis (Upington), Benjamin de la Querra (Port Elizabeth), Johanna C. Jansen van Rensburg (Kirkwood), Jacobus Hendrikse (Wilgenhoutsdrift), Sarie v. Staden (Amalia).

## LOSGELATE GEVANGENES VERG HULP

### O.B. SE BYSTANDDIENS

In verband met die instelling van die Ossewabrandwag-bystanddiens in belang van geïnterneerde Afrikaners wat losgelaat word, word deur die sekretariaat daarop gewys dat die sekretaris op die hoogte gehou moet word in verband met alle losgelate geïnterneerdes sodat die nodige maatreëls getref kan word vir werkverskaffing of finansiëring. Daar moet ook deur die verskillende Gebiede plaaslike pogings aangewend word om hierdie manne 'n staanplek in die lewe terug te gee.

Daar word beklemtoon dat die verpligtinge van die Noodhulpfonds by die loslating van geïnterneerdes eerder vermeerder as verminder, en wel omdat (a) die huisgesin 'n ekstra broodeter bykry — die manne verkeer naamlik onder beperkings en kan nie vryelik beweeg om werk te soek nie; (b) die meeste van hulle nie na hul vorige werkkring kan terugkeer nie, daar hulle in diens van die Regering of onsimpatieke werkgewers was, en (c) die Regeringstoelaag aan die afhanklikes stopgesit is.

*TOT U DIENS!!*

Reeds vir 2 jaar is ons besig om ons naam in Kaapstad bekend te maak. Nou is dit ons aangenaam om ons aan plattelandse lesers en onbekende vriende bekend te stel.

**ONS BIED U MEUBELS**

vanaf u kombuis tot by u slaapkamer.

Enige spesiale ontwerp word in ons fabriek onder persoonlike toesig gemaak.

**Stinkhout-meubels**

'n spesialiteit en aangebied teen fabrieksprYse.

**MEYER en FERREIRA**
Laer Hoofweg 287
OBSERVATORY

**'N KUNSSTUK OM OP TROTS TE WEES**

Dit verdien 'n ereplek in elke O.B.-huis!




GEBEELDHOUDE GIPS-RELIëF VAN ONS
**KOMMANDANT-GENERAAL**

Grootte 8½dm. x 12½dm.
Prys £1-5-0 of £1-7-6 posvry.
Kontant met bestelling.

Bestel dadelik van:
**PUBLICITÉ**
Handelsreklamediens (Edms.) Bpk.
Spoorbondkasgebou, Posbus 4892,
JOHANNESBURG.

*SPESIALE AANBOD,—*
LAAT BESENDING AANTREKLIKE
,,Jarmode"- en ,,Gero"-
BAADJIEPAKKE en JASSE
Teen egte verminderde Pryse by
Steyns
PAROW
DIE MODERNE DAMES-MODISTE

**Ondersteun Ons Adverteerders!**

DIE O.B., WOENSDAG, 27 OKT. 1943

## DIE GESKIEDENIS GEE O.B. GELYK

Dieselfde dag waarop ons 'n hoofartikel bestee het oor leierskap, het Die Kruithoring, strydblad van dr. Malan, dit goed gedink om die volgende skets na die Ossewabrandwag se organisasiestelsel te gee — ons haal dit aan nie om terug te slaan nie, maar om 'n stewige feit te plant in die plek van 'n wortellose propaganda-skimp: ,,Uit ons geskiedenis: **,En in 1899 het die burgers saamgekom en uit hul midde vir Christiaan de Wet as hul veggeneraal gekies.'** Aan ons lesers: Kom ons verander hierdie sin 'n bietjie om as volg te lui: **,In 1943 het die burgers saamgekom en uit hul midde vir . . . as hul veggeneraal gekies.'** Plaas nou in die oop plek die naam van die plaaslike ,generaal' en moenie hardop lag nie!'' Aldus die blad.

In ons vorige artikel het ons beklemtoon dat 'n leier van bo of van onder aangewys kan word — deur sy **meerdere** of deur sy **minderes.** In die eerste geval dra die man wat aanstel volle kennis van die verantwoordelikheid en pligte wat die leier wag, terwyl in die tweede geval die mense wat ,,kies'' nie ten volle op die hoogte van alle feite is of kan wees nie, en dus nie die beste toegerus is om die regte leier aan te wys nie. Hierdie waarheid moet nou getorpedeer word met die argument: in die verlede het ons voorouers gekies, daarom moet ons ook kies. **Asof iets goed en nuttig is net omdat dit in die verlede deur 'n voorouer gedoen is! Omdat ons voorouer Adam gesondig het, daarom is dit goed en nuttig dat ons ook soos hy sondig!**

### VERROTTE STELSEL

Die hulp van die geskiedenis is ingeroep en ons sal nie ons eie argumente daarteen opwerp nie. Laat die geskiedenis vir homself spreek. In die so pas verskene boek oor die lewe van wyle genl. J. B. M. Hertzog verwys die skrywer, dr. C. M. van den Heever, na die groot euwels verbonde aan die stelsel van gekose offisiere. Hy wys op die verdeeldheid, laksheid en eiesinnigheid onder die burgers en offisiere by die uitbreek van die oorlog, en verklaar dan op bladsy 80: ,,Om hierdie toedrag van sake te verstaan, is dit nodig om te kyk na die **gebreke** wat daar in die Vrystaatse militêre stelsel was. **Hierdie stelsel was gebaseer op streekverdeling, met ,,verkiesing'', wat die grootste rol gespeel het.** Elke streek het 'n veldkornet gekies, en die veldkornette van die hele distrik weer die kommandant. 'n Gewone meerderheid van stemme was voldoende. **Dit lyk wel besonder ,demokraties', maar die invloed van hierdie stelsel was baie diepgaande . . . Tot sy diepe teleurstelling moes die vurige regter (Hertzog) hier sien watter verderflike uitwerking die verkiesingstelsel op die burgers gehad het.** Baie van hulle was welgesteld, en dit was tergend vir iemand met 'n gedissiplineerde gees soos regter Hertzog om te sien hoe 'n ingewortelde, **verkeerde** opvatting mense kalm laat aanneem het dat 'n offisier net deug solank hy **hulle** wil uitvoer, en dat enige strenge bevel dadelik opstand uitgelok het. 'n Offisier is jou gelyke, en as hy enigsins astrant met jou praat, dan organiseer jy net die burgers en smyt hom daaruit. **Hierdie wanopvatting van wat vryheid is, het ondermynend gewerk. Baie offisiere wat uiters bekwaam was, is onmiddellik beskinder as hulle uitgetree; hulle het by gebrek aan die uitvoering van tugmaatreëls onder bestaande omstandighede, bedank en minderrangse na-die-mondpraters het hulle plekke ingeneem.** Talle offisiere het dus nie gewaag om 'n bevel te gee wat maar enigsins onaangenaam vir die burgers sou wees nie . . . Onverantwoordelike burgers het openlik gesê dat hulle op kommando is omdat hulle dit verkies, dat 'n offisier daar is omdat hulle hom daar hou, en dat hulle geen ,orders' van wie ook al sal duld nie.''

### SOOS O.B.

In 'n tyd van partyskappe is dit nodig dat 'n mens sy getuienis so wyd moontlik versamel. Ons haal dus ook nog aan uit die boek van dr. G. D. Scholtz, redakteur van Die Transvaler, oor die lewe van wyle genl. C. F. Beyers. Op bladsy 30 verwys die skrywer na die reorganisasie van die Transvaalse leërmag in September 1900 waardeur hierdie verderflike stelsel afgeskaf is. Hy sê: ,,Onder die pligte van die offisiere is bepaal dat die burgers **voortaan nie meer hul eie offisiere sou kies nie, maar dat die hoër offisiere hulle sou kies onder die goedkeuring van die Kommandant-generaal en die bekragtiging van die President. In die Republieke is die verkiesing van offisiere altyd in die hande van die burgers gelaat, maar dit het in die begin van die Tweede Vryheidsoorlog tot baie euwels aanleiding gegee omdat sommige kommando's liewer manne gekies het wat hulle steeds van die vyand sou weglei of wat nie streng was nie. Die Transvaalse verordening het derhalwe 'n drastiese verandering beteken.** Een van die eerste benoemings daaronder was dié van Beyers.''

Wanneer twee skrywers wat vandag in verskillende politieke kampe sit, in hul geskrifte oor die lewens van twee Boeregeneraals tot dieselfde slotsom kom, kan aan die waarheid van hul feite nie getwyfel word nie. **Diegene wat dus vandag skimp op die Ossewabrandwag se metode van offisiere aan te stel, weet niks van hulle eie geskiedenis af nie.** Hulle wil voortbou op die FOUTE van die verlede. Hulle wil nog voortgaan met 'n stelsel wat in 1900 al afgeskaf is as verrot, net omdat dit in 1899 deur die vaders nog so aanvaar was!

**Gelukkig vir ons volk dat die Ossewabrandwag verkies om te bou op die GOEIE uit die verlede en nie op die foute nie. By ons word offisiere aangestel van bo af net soos dit in Transvaal en die Vrystaat geskied het nadat die metode van verkiesing 'n hopelose en vir ons volk durabele mislukking geblyk het.**

# Min of Meer Belangrik

## *Soldate en Lyke*

,,Lord Linlithgow staan op die punt om Indië te verlaat ná 'n onderkoningskap wat sewe en 'n half jaar geduur het. Hy oorhandig aan lord Wavell op 'n oomblik wanneer die oorlog in die Verre Ooste 'n nuwe fase inlui. Die aftredende onderkoning oorhandig 'n ordelike Indië met 'n vrywilligersleër van meer as 2,000,000, met oorlogsnywerhede wat teen hoogste snelheid werk en met verbindinge en spoorweë wat uitstekend werk,'' lui dit in die Britse pers op dieselfde dag waarop aangekondig word dat daar 2,000 Indiërs per dag in Bengale die hongerdood sterf.

**Wat 'n kenskets ende stukkie Empirelof — die 2,000,000 vrywilligers in die Britse leër is in die oog van die Britse imperialis so 'n groot verdienste dat die 2,000 lyke per dag onder die bstuur van dieselfde man in die niet verdwyn!**

* * *

## *Ons Weet die Oorsaak*

Volgens toegewings in Britse koerante wat op ,,baie onvolkome amptelike syfers'' bou, sterf daar tans meer as 11,000 mense per week aan honger in die Indiese provinsie Bengale.

Ons in Suid-Afrika, wie se kinders in 'n land van oorvloed vandag al sonder kaas, sonder sout, grotendeels sonder botter en eenmaal per week sonder vleis moet gaan omdat Suid-Afrika 'n ,,ally'' is, kan 'n begrip vorm van die oorsake van die hongersnood in daardie land wat 'n blote ,,kolonie'' of uitbuitingsgebied van die imperialistiese Groot Brittanje is.

## *Britse Telwyse in Terme Van Tweede Taal*

Tydens die verkiesingslawaai oor tweetaligheid het 'n Engelse blad ná die talle aanvalle op die eentalige Engelse ministers en amptenare van opposisiekant op die skitterende idee gekom dat ons ook 'n derde landstaal behoort te hê, naamlik Zoeloe. Moontlik is hierdie voorstel gedoen na die voorbeeld van die tweede front-beleid — eers die derde front as die ,,tweede front'' nie deur die Engelse aangepak kan of wil word nie.

* * *

## *Wolf as Skaapwagter*

,,Die sentrale gedagte van die (Atlantiese) Handves is om lewenstandaarde vir alle volke te verhoog en te verbeter. Die manier waarop die handel voor die oorlog gehanteer is, het heeltemal ondoeltreffend geblyk te wees. **In sekere lande is groot hoeveelhede goedere vernietig terwyl daar in ander lande hongersnood was weens gebrek daaraan,''** het mnr. S. F. Waterson, Minister van Ekonomiese Ontwikkeling verlede week in Durban gesê.

**Nadat die Atlantiese Handves al op stewige bene gestaan het, is daar binne ons eie land nog steeds ,,groot hoeveelhede goedere vernietig'' terwyl daar in DIESELFDE land hongersnood was weens gebrek daaraan. Dit is ons antwoord op hierdie goeie bedoelings van die kapitalisme!**

* * *

## *Terwille van Kapitalisme*

,,Baie mense het dit (hierdie ondoeltreffende handel) aan die kapitalistiese stelsel gewyt en hulle beweer dat daardie stelsel bewys het dat hy nie in staat is om die wêreldhandel te organiseer nie,'' het die Minister voortgegaan. ,,Aan diegene wat sinies staan teenoor die Handves en dit as uiterlike vertoon beskou, wil ek sê DAT DIT DIE LAASTE KANS IS WAT AAN DIE KAPITALISTIESE STELSEL GEGEE WORD OM HOM IN DIE WêRELD TE HANDHAAF.''

**Hier erken die Minister onomwonde dat die Atlantiese handves, d.w.s. die ,,verhoging van lewenstandaarde'' net 'n MIDDEL is om die KAPITALISME te handhaaf—dus 'n kapitalistiese set!**

**Die Ossewabrandwag wil die lewenstandaard verhoog terwille van die VERDRUKTE MENSE — nie terwille van 'n stelsel nie.**


**DE KOCK se GARAGES**

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal. — Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS ! . . .*

V.M.K. AANBEVEEL.



**Belangrike Aankondiging**

*PAS VERSKYN*

**Menslike Physiologie (Deel I.)**

deur

H. E. Brink, D.Sc. (Stell.).

553 blss. 116 teksfigure. Prys 20/- (Posgeld 9d.)

'n Standaard handboek vir mediese studente, B.Sc.-studente, studente aan Opleidingskolleges en onderwysers van Physiologie aan Hoërskole.

Weens papierskaarste is slegs 'n beperkte aantal eksemplare van hierdie baie waardevolle handboek verkrygbaar.

Plaas dus dadelik u bestelling by u plaaslike boekwinkel of direk by die uitgewers:

**Pro Ecclesia-Drukkery**

**Die Laan Stellenbosch**



**MARKAGENTE**

Ons is U agente en is trots dat ons dit mag wees. Met ons puik organisasie en versekerde afsetgebied kan ons u tevredenheid waarborg want dit is seker — u tevredenheid is die enigste basis van ons sukses!

Eiers, Pluimvee, Groente, Vrugte, Voer en Vee.

**Volkskopermark BPK.**

MOREMARK, NEWTOWN, Foon 34-1442, Wolhuterstr. 62, JOHANNESBURG.


# *VERJAARDAGVIERING!*

Die verjaardag van

**Die Komdt.-Generaal** Dr. J. F. J. van Rensburg. en **Die Adjunk-Komdt.-Generaal** Genl. J. A. Smith.

word gevier in die

**STADSAAL te PAARL**

op

***27 OKTOBER om 8 nm.***

**Program:**

(A) OPTOG TOT BY STADSAAL.

(a) 7 nm.: Almal met motors kom bymekaar op die Sentrale Jukskeibane van Paarl. Groot en klein vlae moet aan motors vertoon word.

(Jukskeibane is ongeveer 2 myl van Paarl Stadsaal op die pad na en van Kaapstad.)

L.W.—Deure sal gesluit wees tot 8 nm. Daar sal vir almal plek wees en besoekers word gevra om te wag totdat die deure oopgesluit word.

(B) 8 nm.: VLAGHYSING.

(a) Genle. mev. Du Toit praat oor Fondsdag.

(b) Gelukwensе word aan die K.G. en die A.K.G. oorgebring deur Gebiedsleier Hf.genl. dr. F. du T. van Zyl.

(c) Toespraak deur die ADJUNK-KOMDT.-GENERAAL.

(d) Toespraak deur die KOMMANDANT-GENERAAL.

Die Program sal opgeluister word met musiek deur die O.B.-Blaasorkes.

KOLLEKTE SAL BY DIE DEURE OPGENEEM WORD TEN BEHOEWE VAN DIE NOODHULPFONDS EN AAN DIE K.G. EN DIE A.K.G. AS VERJAARDAG-GESKENK OORHANDIG WORD

# "Ons Skuld Geldmag Net Mokerhoue"

## Leier Verseker Oorwinning van O.B.

**„As die O.B. vier jaar lank die gekombineerde en . gekonsentreerde. vyandskap van die hele geldmag, persmag, perlementêre mag en staatsmag kon weerstaan, dan hoef u nie te twyfel wat sal gebeur as normale tye weer aanbreek. As ons teen so 'n sterk wind vorentoe kon beur, hoe sal dit nie gaan as daar geen wind is of as dit selfs van agter is nie."**

Ons Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, het hierdie boodskap van oorwinning gebring toe hy Saterdagaand, 16 Oktober, 'n groot gehoor in die Mayfair-Kerksaal op die Rand toegespreek het. Die saal was stampvol. Baie het voor die venster en deure saamgepak en talle persone wat selfs nie hier kon plek kry nie, moes teleurgesteld omdraai.

Dit was by geleentheid van 'n uitgestelde O.B.-dagviering van een van die hoofkommandantskappe. Die funksie het reeds die middag begin en dit het sommer met die wegspring goed gegaan. Bedrywige en laggende vroueens en dogters agter die stofies en tafels en plesierige Brandwagte wat gretiglik elke pannekoek en ander lekkernye opneem sodra dit die pan verlaat, het alles in die teken van die komende oorwinning gestaan. Met die koms van die K.G. het die geesdrif ten toppunt gestyg. Sy boodskap van oorwinning is telkens met luide toejuiging begroet.

Nadat die K.G., vergesel van hoofkomdt. B. Grobler en asst.-hfkomdte. M. C. Bekker die verhoog wat met reuse O.B.-baniere behang was, bestyg het, het 'n orkes die O.B.-lied aangehef en het die gehoor dit gesing terwyl almal nog op aandag gestaan het.

Hoofkomdt. Grobler het 'n welkomswoord aan die K.G. en mev. Van Rensburg gerig en ook aan hom 'n pragtige leer-reistas namens generaalskap E3 oorhandig.

Hierna het die vierjarige Boerebaba, Archie Vercuil, op die verhoog verskyn en aan die K.G. 'n vrugtebottel vol pennies en silwermuntstukke oorhandig om te gebruik vir die kindertjies wie se pappies in die Empire se kampe en tronke opgesluit is. Dit is geld wat hy self gespaar het. Die K.G. het die klein mannetjie op die tafel getel en onder geweldige toejuiging van die aanwesiges het klein Archie die K.G. flink gesalueer. Die saluut is so behendig uitgevoer dat dit die bewondering van almal uitgelok het.

### ONKEERBAAR

Dr. Van Rensburg het gewys op die vier jaar se stryd wat die O.B. teen binnelandse magte moes veg. „Ek wil u die versekering gee dat die O.B. met die binnelandse magsverhouding nie gekeer kan word nie. **In die afgelope vier jaar het die O.B. te kampe gehad met die grootste konsentrasie van magte wat sedert die Tweede Vryheidsoorlog teen 'n Afrikaner-beweging saamgetrek is.** Dit is die hele geldmag, die hele persmag met die uitsondering van een koerant wat 'n welwillende neutraliteit gehandhaaf het, die Regering en die Opposisie. Daarby is dit in 'n tyd van oorlog waarin die staatsmag na hartelus misbruik kan word.

**As ons vir vier jaar hierdie magte in 'n abnormale tyd kon weerstaan, hoe kan ons dan in normale tyd gekeer word?** As ons meer as £30,000 vir die Noodhulpfonds kon insamel teen en ondanks al hierdie magte, sal ons hierna verjaardag kan vier.

Om die verskil in gees tussen die O.B. en sy opponente aan te dui, het die K.G. voorgelees uit 'n brief wat op 8 Mei deur die H.F.G.-fonds (Noodhulpfonds van die H.N.P.) aan 'n dame geskryf is en waarin sy meegedeel word dat die fonds nou uitgeput is en dat dit nie moontlik is om dit aan te vul nie. Vir verdere hulp word sy na die Armsorgraad verwys.

„Hulle het tou opgegooi. **Ons kan hulle verseker dat ons nooit sal tou opgooi terwyl daar nog 'n enkele Afrikaner in die kamp of tronk sit nie", het die K.G. onder toejuiging verklaar.**

Hy het ook daarvan melding gemaak dat Die Transvaler nog die vorige week 'n betaalde advertensie vir die Noodhulpfonds geweier het.

Dr. Van Rensburg het voorts verwys na die beskuldiging van Sapkant dat die O.B. met die H.N.P. sou skakel en van H.N.P.-kant dat die O.B. met genl. Smuts sou skakel.

### NIE WEER NIE

**„Albei is verkeerd. Ons skakel slegs met die Afrikanerdom. As organisasie sal ons nooit weer met enige party skakel nie. Soos ek destyds op Elsburg beklemtoon het, is enige partylid wat 'n goeie Afrikaner en Republikein is, by ons tuis. Ons soek die volksgenoot en nie die party nie. Ons het eenkeer die samewerking van 'n party gesoek en die gevolg was dat mede-Afrikaners aan die Empire se tronke en kampe uitgelewer is.**

Dit moet goed verstaan word dat die O.B. na iets heeltemal nuuts streef. Ons staan vir die partylose gesagstaat. Onder die parlementarisme het ons geleer dat 'n sterk opposisie die beste vir die land is. 'n Sterk opposisie beteken egter 'n swak regering. Die verhouding is so geweeg dat waar die geldmag sy gewig ingooi, daar wen hy.

**Die O.B. is 'n splinternuwe organisasie waarin enige Afrikaner wat teen die Empire is, welkom is.** Dit is u plig en voorreg om enige Afrikaner wat na u kom en u medewerking as Afrikaner soek, met oop arms te ontvang.

**Voortgaande het die K.G. daarop gewys dat veral die geldmag nog nooit 'n goeie woord vir die O.B. gehad het nie. „Ons begin die vinger van die Voorsienigheid sien in die feit dat die geldmag ons in die vier jaar steeds beveg het. Die O.B. skuld die geldmag niks anders as mokerhoue die oomblik wanneer hy die mag oorneem nie. (Toejuiging.) Ons is die eerste nasionale beweging in hierdie land wat met alle vertroue kan sê dat ons die kapitalisme gaan breek omdat hulle nooit ons vriende was nie. Die O.B. het uit die armes van ons volk gekom.**

„Die dinge wat kom is sosiaal en Goddank dat daar vir die Afrikanerdom in hierdie tyd 'n beweging gekom het wat deur-en-deur sosiaal is maar ook fanaties nasionaal.

Ons bou nie op geld nie maar op Afrikanerbloed en spiere. Ons vra nie of die aandelebeurs goed is nie, maar of die oes goed is, want ons mense moet eet. Ons is nie geïnteresseerd in die diwidende van die goudmyne nie, maar wel in die behuising van die werkers. (Toej.)

### „DONDERDAG"

In die O.B. het die Afrikanerdom 'n beweging wat nie net in sy gesindheid antikapitalisties is nie maar ook in sy hele samestelling, m.a.w. hy skuld die geldmag niks nie.

„Ons gaan wen en die oorwinning sal, wat veral die geldmag betref, op 'n Donderdag plaasvind", het die K.G. onder geweldige toejuiging besluit. Die gehoor het op die been gekom en drie luide „ons bring hulde" het deur die saal weergalm.

Na sy toespraak het die K.G. in die gehoor plek geneem en is die verrigtinge met 'n verskeidenheidskonsert voortgesit.

Voor die vergadering 'n aanvang geneem het, het die K.G. en mev. Van Rensburg saam met die vroue van geïnterneerde en gevange Afrikaners aan die huis van komdt. Grobler gaan koffie drink. Die K.G. het 'n woord van dank en waardering aan hierdie moeders en dogters uitgespreek vir die groot offers wat hulle vir die saak van ons vryheid bring.

Mev. genle. K. Malan, hoofvroue-offisier vir Gebied E, het die middag 'n toespraak gelewer en veral die vroue bedank vir hul ywer vir hierdie saak. Sy het gewys op die voorbeeld van die Voortrekkervroue wat bereid was om kaalvoet oor die Drakensberge te gaan terwille van hul ideaal.

Die funksie het ongeveer £80 opgelewer.

(Vervolg van bls. 1, kol. 2)

## ADRES AAN JEUGLEIER

Die adres aan die Jeugleier by sy inswering het as volg gelui:

„Seergeagte Generaal!

By die aanvaarding van u taak roep Jong Suid-Afrika deur sy Boerejeug u toe: Hartlik welkom in ons geledere!

Ons bede bly dat u die krag, die lig en die insig van Bo sal ontvang om ons te leer en te lei, om ons te buig en te brei in liefde tot diensbaarheid en offervaardigheid, altyd getrou aan die hoogste en edelste wat die Boerevolk besiel: Plig tot vryheid op elke gebied van die lewe en vervulling van ons Godgegewe roeping; alles as dankbare eerbetoon aan die Skepper en Bestierder van nasies wat ook ons volk in aansyn geroep het.

Jong Suid-Afrika trek op tot die plek van sy bestemming. Help bou in elke lid van die Boerejeug die nodige verwagting, moed, volharding en wil om te oorwin.

Onder u leiding onderskryf ons met vrymoedigheid die bekende woord: **„Laat Jong Suid-Afrika sy nasionale geloofsbelydenis onderteken nie met sy naam nie maar met sy lewe, en dan het ons niks te vrees vir die toekoms nie'!"**

MY GOD, MY VOLK, MY LAND SUID-AFRIKA !


W. F. CARSTENS
(Edms.) Bpk.
BEGRAFNISONDERNEMERS en BLOEMISTE
Centralweg 52, Fordsburg
Beckettsgebou, Presidentstraat, Johannesburg
DIENS ONOORTREFLIK — PRYSE LAAG

Skryf aan Posbus 909 Pretoria vir u benodighede en vir
diens Brandwagte!
DAAR IS MAAR 'N BEPERKTE HOEVEELHEID OOR
Silwerpleet Kommetjies
DIENLIK AS 'N SUIKERPOT — 6/- elk. Posgeld 6d.
Sleutel-Kettings
'N DIENLIKE EEUFEESAANDENKING 1/6 elk. Posgeld 2d.

Uniewinkels
KOÖPERATIEWE BEDRYF
Kerkstraat PRETORIA
Benoni, Vereeniging, Johannesburg, Kaapstad.

Adverteerders Handhaaf Uself deur in Die O.B. te Adverteer.

120 Takke 49,000 Lede AVBOB Reserwefonds £144,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:
„Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses."

MEER AS 200 KURSUSSE

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.
Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet: „'N BOODSKAP AAN U".

DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.
Ek stel belang in ____________
Naam ____________
Adres ____________
(O.B., 27 Okt. 43). ____________

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D. Litt. et Phil. (Leiden).

HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE
VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18,
JOHANNESBURG
POSBUS 3512 FOON 22-3512

## Geklassifiseerde Advertensies

**Tarief vir Geklassifiseerde Advertensies: 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël, minimum 4/- per plasing, streng vooruitbetaalbaar. Advertensies kan gestuur word aan Voorslag Bpk., Posbus 1411, Kaapstad óf Publicité Bpk., Posbus 4892, Johannesburg.**

### GEBOORTE

WENTZEL. — Aan Komdt. en mev. J. D. Wentzel, Oudekraal, Bonnievale, 'n fris boerseun op 6de September.

DE WET. — Aan Komdte. en Veldkornet de Wet van Waboomskloof A1d1, 'n fris O.B.-dogter op 18 Okt. Naas die Heer innige dank aan dokter en verpleegster.

JOUBERT. — Aan mnr. en mev. S. W. Joubert, Barrydale, 'n O.B.-dogter op 15 Okt. Dank aan die Heer, dokter en verpleegsters.

VISAGIE. — Aan Komdt. en mev. G. Visagie, Burgersdorp, op 5 Okt., 'n fris O.B.-seun. Albei wel. Dank aan die Goeie Gewer.

### DOODBERIG

THERON. — Sag ontslaap in sy Heer, op 9 Okt. 1943, Johannes Jacobus Theron, in die ouderdom van 86 jaar. Oudste en getroue brandwag van A11b2, Merweville Kommando.

### TE KOOP

**Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. J. G. Benadé. Sasbankgebou, Bloemfontein.**

PATATRANKE. — Beroemde Kleinkarootopranke, beskikbaar vanaf 15 Oktober tot Januarie. Bestel dadelik vooruit. Sesmaande ranke 6/9 per duisend, driemaande ranke 7/9 per duisend, gelewer in sakke, Plathuishalte. Kontant voor aflewering. **A. H. de Vries, Warmwatersberg, Barrydale.**

DEEL in die Winste. — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan: **Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg.**

LEMOENE. — Valencia-lemoene, lemmetjies en Pomelos (grape fruit) 2/6 per sakkie hier, vir nie minder as 5 sakkies, K.M.B. **H. S. Visser, Elandsfontein, Clanwilliam.**

BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. **J. P. Wagener, Klip Rivier, P.K. Speelmanskraal, George.**

### TE KOOP GEVRA

DEKGRAS. — 10,000 bondels, skoon gemaak en dikte per bondel 6dm. lengte ± 3½vt. Meld prys, gelewer Pretoriastasie, aan **Mentz, Sanlamgebou 617, Pretoria.**

GOEIE waghondjie van 3—4 maande. Kollie of ander soort. Skryf en meld prys aan **J. D. Wentzel, Bus 17, Bonnievale.**

TE koop gevra: Kerrie beeste, opreggeteelde verse of jong koeie van 1—6 jaar. Besonderhede: **J. C. van Rooyen, Utrecht, Natal.**

### BETREKKING VAKANT

BENODIG: Onderwyseres vir twee kinders, beginner en std. 1. Goewernements Sillabus. Musiek 'n aanbeveling. Aanvang eerste kwartaal 1944. Vry inwoning in gerieflike boerewoning met bediendes. Salaris £15 per kwartaal, of £20 indien bereid deel huishoudelike toesig waar te neem. Besonderhede, getuigskrifte en kwalifikasies verlang. Doen aansoek: **J. H. Moolman, Merino, Cradock.**

### BENODIG

VOORUITSTREWENDE jongman, om dadelik te begin as plaashulp; saaiboerdery. Moet spesiaal kennis hê van trekkers. Vry inwoning en deel van gesaaides. Skryf dadelik aan **W. J. van Rensburg, Knilfontein, P.K. Davel.**

### VERLORE AKTE VAN TRANSPORT

Kennis word hiermee gegee dat ek van voornemens is om aansoek te doen vir 'n gesertifiseerde afskrif van Akte van Transport No. 3698, gedateer 26 Junie 1933, gepasseer deur Frederick Antonie Jansen ten gunste van Willem Johannes Haarhoff, ten opsigte van

Seker stuk grond geleë in Plasketstraat in die Munisipaliteit en Afdeling Graaff-Reinet, synde gedeelte A van Perseel N. Groot 28 Vierkant Roede, 29 Vierkant Voet.

Enige persoon wat beswaar het teen die uitreiking van voormelde afskrif, word hiermee versoek om dieselfde skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes, Kaapstad, binne drie weke vanaf die datum van die laaste publikasie van hierdie kennisgewing.

Gedateer te Graaff-Reinet hierdie 5de dag van Oktober 1943.

A. H. STANDER,
Prokureur vir Applikant.

**Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 763 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro- Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.**

# Die Geloof van n' Brandwag Getoets

IV.

„Hoe het hierdie laaste eleksie vir jou gelyk, met net julle een Afrikanerparty in die veld?" vra ek my partyvriend toe ons weer bymekaarkom om volksake te bespreek.

„Wel, dit was mooi dat ons nie weer die dwarstrekkery van die vorige eleksie gehad het nie. Maar daar was iets dooierigs in, seker omdat dit so kort op die parlementêre verkiesing gevolg het."

„Vir my het dit baie gelyk of die volk sy geloof in die kruisie verloor het."

„Mog dit nooit gebeur nie, want met die volgende algemene verkiesing gaan ons die kans hê om die republiek uit te veg. Die kruisie is ons enigste wapen: dit sal dodelik wees as ons hom nou gaan weggooi net voor die finale oorwinning. Watter ander moontlikheid is daar? Julle het altyd gepraat van aksie, aksie, aksie! En wat het van al julle aksie geword? Nee, die idee van 'n volksbeweging, soos ons dit tevore bespreek het, is nogal mooi. Maar die O.B. het van die ding 'n mislukking gemaak deurdat hy die skerp wapen van die stem in diskrediet wou bring en die hoop gevestig het op die stomp wapen van die sogenaamde aksie!"

„Maar, maat, wat bedoel jy met die aksie wat dan sou misluk het?"

„Jy weet mos, al daardie drillery en bomgooiery en skietery van julle, wat die tronke en die konsentrasiekampe, ek bedoel interneringskampe, vol Afrikaners gemaak het."

„Maar wie sê vir jou daardie dinge is die Ossewabrandwag se werk?"

„Wel, Ossewabrandwag of Stormjaers, wat is nou eigelik die verskil?"

„Daar is 'n baie belangrike verskil. Maar afgesien daarvan, is die dinge wat jy noem, nie die O.B. se opvatting van aksie nie. Dit kom daar nie eers naby nie. En boondien kan 'n mens nie nou al sê of daardie dinge op 'n mislukking uitgeloop het nie. **Sou jy b.v. ons vryheidsoorloë en selfs die sogenaamde rebellie 'n mislukking noem?** Dit is baie twyfelagtig, en tog is daardie gebeurtenisse al lank verby en agter die rug! Maar die dinge waar jy van praat, is nog aan die gang. **En hoe kan jy nou al so met sekerheid sê dat hulle misluk het?"**

„Nou ja, as dit alles nie reeds klaar misluk het nie, dan is daardie aksie in elk geval vinnig besig om dood te loop. En watter nut het dit nou al gestig?"

**„Vriend, beskou jy werklik die aanwakkering van 'n gees van durf en verset as nutteloos vir ons volk se vrywording? Dink jy om die vryheid in jou armstoel te verkry? Ons het nou net weer Heldedag gevier: het die lewensloop van ons helde jou nie anders geleer, het die herdenking daarvan jou bloed nie weer 'n bietjie warmer en vinniger laat loop nie?** Maar laat dit bly, ek wou eigelik vir jou aan die verstand bring wat die Ossewabrandwag onder aksie verstaan."

„Ja, dit sou ek graag wil hoor: al aksie wat ek nog by die O.B. gesien het, is dié soort waar ek van gepraat het, en ander rampokkerye soos dr. Malan dit genoem het."

„Hoekom sê jy nie ook maar Amalaita-werk soos die Hoggenheimerkoerante gedoen het nie? Maar wag, ons vergeet maar die skeldname en kom tot die saak self. Wat verstaan ons onder aksie?"

„Ja, wat? Dit sou ek graag wil weet."

DIE DAAD

**„Askie is eenvoudig die daad as staande teenoor die plan of beleid of blote woorde daaroor, en hierdie daad bly altyddeur aan die gang deur die hele beweging en al die lede."**

„Maar is die party se werk dan nie ook aksie nie?"

„Nee, 'n party bly sterk by beleid en planne en beloftes, stem en woorde in en buite die praathuis, en die lede woon nou en dan 'n vergadering by en word eenmaal in die vyf jaar aangery na 'n stembus. So lyk die party se aksie!"

„En die O.B. se aksie!? Behalwe die roekelose, onbekookte en mislukte dinge wat ek genoem het, wat anders as vergaderinge, funksies, toesprake, vlagswaaiery, vleisbraai en pannekoekeet en nie eers 'n stem nie!"

**„Die verskil is dat die O.B. in al daardie oppervlakkige dinge wat jy noem, besig is om dade te doen en, meer nog, aksie voor te berei. Daardeur kry die lede geleentheid om nou reeds hulle offers van diens en goedere te bring en meer nog, word hulle daarin voorberei tot en geoefen in aksiedissipline.** As ons nog kon dril en marsjeer, sou dit meer merkbaar wees, maar nieteenstaande alle beperkinge, werk dié gees tog deur."

„Is dit nou so danig anders as by die party? Ook daar word die aksie meer voorberei as werklik verrig, maar as die party aan die regering kom, dan kom die aksie dan ook werklik."

„Nou raak jy juis die twee groot verskille aan, of nee, eigelik drie. **Die eerste is dat die party se aksie nie uit die lede kom nie, maar uit die regering; verder dat dit net op regeerwerk en politiekery ingerig is, en ten derde dat dit selfs met al die beperkinge maar halfslagtig en lamlendig bly — sonder gees en sonder lewe.** Die bietjie aksie en lewe wat hulle later van tyd begin wys het, is niks anders as na-apery van die O.B. **Maar by die O.B. moet daar aksie wees van al die lede, aksie van alle soort wat van volksbelang mag wees,** insluitende sulke verskillende dinge soos dissipline, noodhulp, lydelike verset en selfs 'n parlementêre eleksie om die parlement afgeskaf te kry, en eindelik voorbereiding van lede en leiers tot 'n latere volksleiding en regeringsaksie wat werklik aksie sal wees. **Die O.B. is altyd bereid om te doen, te dien, te durf** — hy wil 'n nuwe wêreld in Suid-Afrika skep, 'n skoon volk in 'n skoon land deur die durf- en diensdaad van elke Afrikaner — dit is sy aksie-gees! Maar wag, ek wil nie 'n toespraak hou nie. Jy merk seker dat ons eigelik al by jou volgende moeilikheid gekom het, nl. dat die O.B. se ideaal van 'n nasionale en sosiale gesagstaat reeds deur die partye oorgeneem is. Hieroor is daar meer te sê."

„Baie graag sal ek vir jou wil bewys dat die O.B. se volksbeweging en aksie onnodige moeite is, omdat alle politieke leiers nou al die einddoel van al daardie moeite as platform aangeneem het—almal wil vir die toekoms strenge beheer hê en planmatige ontwikkeling en bestaansveiligheid vir die gewone man en veral die soldaat en boer en werker."

**„En tog lê hier eigelik die groot kloof en skeidsmuur** — maar daaroor kan ons later gesels."

## DIE VOLKSBEWEGING 'N AFRIKAANSE PRODUK

### Organisasie Rus op Gesag Van Natuurlike Leiers

Om sy geweldige taak te kan verrig, gee die Volksbeweging sy eerste en vernaamste sorg aan die volkskultuur, die volkswelsyn en die volkswelvaart, en in verband daarmee ook aan die bewaring, die beskerming en ontwikkeling van die vaderlandsbodem, volgens die tweeledige skeppingswet aan die mens en alle volke: om vrugbaar te wees en te vermenigvuldig en die aarde te bewaak, te bewerk en te beheers.

In aansluiting hierby ontwikkel die Volksbeweging sy eie organisasie in twee hoofvorme, eerstens tot verteenwoordiging van die volk in sy **huisgesinne**, en tweedens in sy verskillende **arbeidskringe**, met die oog op nasionale volksorg en sosiale arbeidsbevordering, met besondere take en organisasie vir man, vrou en kind en elke bedryfsverband.

**Sy organisasievorm vind die Volksbeweging hierdeur dat die aktiewe volk self in sy ontwikkeling op verskillende gebiede en in die verskillende landsafdelings die leiding van sy natuurlike leiers erken, dat hierdie natuurlike leiers in die Volksbeweging saamgeskakel word onder een sentrale, gesaghebbende en verteenwoordigende en deurgaans vir sy dade verantwoordelike volksleiding,** en dat laasgenoemde homself voortdurend uit eersgenoemdes vernuut en aanvul op die grondslag van vertroue, verantwoordelike pligsbetragting en vrugbare saamwerking in alle range, wat deur 'n periodieke ontruiming en hervulling van alle ampte na raadpleging met die betrokke ondergeskiktes en, by gebleke noodsaaklikheid, deur 'n algemene direkte of indirekte volkstemming in die beweging bevestig kan word.

**Die Volksbeweging is geen kunsmatige bedinksel of uitheemse invoerproduk nie, maar die natuurlike lewensopenbaring van die volk wat altyddeur op alle gebiede rusteloos vorentoe beweeg onder die voorsienige leiding van God tot vervulling van die nasionale lotsbestemming.** Dit het in die Afrikanerdom verskillende vorme aangeneem, van die kommando- en trekorganisasie van die 18de en 19de eeue tot op die Afrikanerbond, en daarvandaan, deur die differensiasie of verbrokkeling in afsonderlike politieke, kulturele en ekonomiese organisasies, as gevolg van die Voortrekkereeufees weer tot die eenheid van die Osswabrandwag met sy kommando-organisasie, sy treksimbool en sy omvattende eenheidsleuse: My God, my volk, my land, Suid-Afrika.

Dit is dus nou die Ossewabrandwag se taak om hierdie herleefde en vernude eenheidsgees te laat posvat by alle volkslede en in alle volkskringe en so 'n algehele vernuwing van die volkslewe te bewerkstellig in die vorme van die twintigste eeu. Daartoe is vereis 'n groothartigheid wat oor allerlei prikkelinge, dwarstrekkery, teenstand, versmading en vervolging kan heenstap tot die een noodsaaklike eind-ideaal van volksvereniging in die volksbeweging.—(Beleidsbeginsels.)




### HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE
**Bus 660 — Johannesburg**

Krisante, planttyd Oktober-November, met name: Tuinversameling pragtig gesorteerde kleure, 9/6 vir 6, 15/6 per dosyn. Luuksesortering pragvertoonsoorte, 10/6 vir 6, 18/6 per dosyn. Operasortering, nuutste reuse-spogsoorte, goud, brons, rooi, wit ens. 21/- per dosyn, 12/6 vir 6. Amerikaanse angeliere, beste genaamde soorte, behoorlike sorterings, 7/6, 10/6, 12/6 per dosyn. Kontant met bestelling.

### VERSOEK AAN BOERE

Dit is al voorheen in die pers onder u aandag gebring dat Boere-Saamwerk Beperk en Wolgroeiers Afslaers Beperk rekenings by VOLKSKAS geopen het, en dat diegene wat daarom vra met VOLKSKAS-tjeks bedien word, wat by enige Bank kan gewissel word. Hier het ons nou 'n kans om 'n Afrikanersaak te help bevorder en ek doen 'n dringende beroep op alle ondersteuners van genoemde twee maatskappye om gebruik te maak van die diens. Vra om 'n VOLKSKAS-tjek en dit word gewilliglik aan u gestuur. Kom boere, moenie hierdie saak laat links lê nie. Doen dit dadelik. Dis tog nie moeite nie en beteken so veel.

Dankie,

H. K. LOMBARD.

Kriegerskraal,
Sheldon.